



C.H.F. Ohlhoff

Heinrich Ohlhoff is verbonde aan die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria. Na langer as veertig jaar in diens van die universiteit tree hy aan die einde van 2013 af.
E-pos: heinrich.ohlhoff@up.ac.za

Oorsig

Ure, dae, maande, jare:
die oorgange en voortgange
van 'n akademiese lewe

Hours, days, months, years: the changes and progressions of an academic life

In this article, written on request, the author reviews his more than forty years in the academic world. The overview is based on his personal and institutional memory, and although its focus is on the Department of Afrikaans at the University of Pretoria and more specifically on the teaching of literature, it also affords a wider perspective. Attention is paid to inter alia developments and changes in Afrikaans and Dutch literature and literary theory and the implications thereof, publication initiatives, subject societies and the situation and the roles of personnel and students. Intermingled with general information are references to the author's own teaching and research as well as his viewpoints on aspects of university life. **Keywords:** Afrikaans literature, Afrikaans language and literary personalities, institutional memory, literature teaching.

1

Wanneer 'n mens terugkyk op 'n akademiese loopbaan van 'n stuk of 44 jaar, gaan baie dinge deur jou gedagtes: jou voor- en nagraadse studie, jou onderrig en studieleiding, jou navorsing en publikasies en jou vakkundige betrokkenheid—en hoe dinge vakkundig en administratief fokusverskuiwings ondergaan of verander het (en meermale ook weer terugverander het)! In hierdie bydrae, op versoek geskryf, put ek hoofsaaklik uit my persoonlike en institusionele geheue en fokus veral op die departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria en op letterkunde, alhoewel ek plek-plek ook my net wye gooi. Ek lig—op 'n enigszins idiosinkratiese manier—enkele belangrike oorgange en voortgange, veranderinge en ontwikkelinge, bydraes en hoogtepunte, maar ook 'n paar knelpunte uit.

2

In die sestigerjare het ons nog die voorreg gehad—aan die Universiteit van Pretoria, soos seker ook in die ander Afrikaansdepartemente—om voorgraads elke jaar ewe veel aandag aan letterkunde en (formele) taalkunde te bestee, en om binne die letterkunde van ons eerste tot derde jaar ook met verskillende genres en tydperke in die Nederlandse literatuur kennis te maak (wat destyds natuurlik vergemaklik



is deur die feit dat ons reeds in standerd nege en tien (nou graad elf en twaalf) met Nederlands kennis kon maak—'n moontlikheid wat deesdae se leerders myns insiens tot hulle nadeel ontnem is). So is 'n deeglike grondslag in die verskillende dissiplines gelê met die oog op veral nagraadse studie en onder meer die onderwys en ander taalberoep.

Soos ook nog lank daarna het die fokus, wat die Afrikaanse letterkunde betref, geval op die noukeurige lees van veral poësie en op gekanoniseerde digters, dramaturge en romanskrywers en sleuteltekste. Die werk van die Dertigers en Veertigers, genres soos die dramatiese monoloog en die tragedie en tekste soos D.J. Opperman se *Joernaal van Jorik*, Elsa Joubert se *Ons wag op die Kaptein* en Etienne Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* het onder meer intensiewe aandag gekry. In die Nederlandse poësie is hoofsaaklik 'n chronologiese lyn gevolg: van die vreemde maar boeiende wêreld van die Middelnederlandse en 17de-eeuse Nederlandse poësie via die baanbrekende werk van Tagtigers soos Willem Kloos en Jacques Perk na latere digters soos J.H. Leopold, Adriaan Roland Holst en Martinus Nijhoff met sy enigmatiese "Awater". Wat die Nederlandse drama betref, het veral Vondel, "die prins van die digters", aandag gekry, terwyl daar in die prosa eerder op outeurs en tekste (onder meer *Van oude mensen de dingen die voorbijgaan* en *Eline Vere* [Louis Couperus] en *De man die zijn haar kort liet knippen* [Johan Daisne] as op oorsigte gekonsentreer is.

In die taalkunde het ons kennis gemaak met algemene taalverskynsels (aan die hand van F.F. Odendal se insiggewende *Aspekte van taal*), die geskiedenis van die taalwetenskap en verskillende aspekte van die fonetiek en fonologie, die semantiek en sintaksis (destyds was die Transformasioneel-generatiewe sintaksis hoogmode), die (eksterne) geskiedenis van Afrikaans en die Middelnederlandse taalkunde.

Reeds in hierdie eerste akademiese vormingsjare kon ons kennis maak met van die groot name in die taal- en letterkunde, onder andere prof. A.P. Grové met sy diepgaande kennis, indringende leesvermoë en speurvernuf—veral as dit oor Van Wyk Louw en D.J. Opperman se poësie gegaan het. Uit sy speurtogte het onder meer 'n Blokboek oor *Die dokument agter die gedig* en artikels gespruit waarin hy byvoorbeeld Louw se herskrywings van bronne oor walvisjag en kerkgeskiedenis nagegaan en ontleed het (dit was nog voor die term "intertekstualiteit" in Afrikaans inslag gevind het). Ander navorsers het hierop voortgebou. Alhoewel nie so bekend nie, het prof. Fanie Strydom 'n diep indruk gemaak: Nie net was hy 'n skitterende dosent nie; hy was ook 'n mens-mens wat werklik in sy studente belang gestel het. In die taalkunde weer was daar onder meer prof. S.A. Louw wat baanbrekerswerk in die dialekgeografie gedoen het en ook 'n kenner van Goties en Oudnoors was—kennis waaruit ook ek dankbaar kon put, veral toe ek later self Goties moes doseer. En prof. Louis Eksteen, veral bekend vir sy navorsing op leksikologiese en leksikografiese gebied wat neerslag gevind het in onder meer (gepubliseerde) praatjies en verskillende soorte woordeboeke.

3

In honneurs—waarvoor destyds jaarliks twintig of meer studente ingeskryf het—kon 'n mens begin spesialiseer, maar jy moes behalwe Middelnederlandse taal- en letterkunde minstens een vak uit óf taalkunde óf letterkunde neem, waar enersyds voortgebou is op die voorgraadse sillabus en andersyds nuwe terreine aangesny is. Toe, en nog 'n hele tyd daarna, was Goties verpligtend vir Duits Honneurs en kon Afrikaansstudente dit ook neem.

Sonder om te erg te veralgemeen, kan 'n mens sê dat die benadering tot literêre tekste, veral gedigte, op voor- en nagraadse vlak hoofsaaklik formalisties of teksgerig was met spore van die opvattinge van die New Critics, die Amerikaanse strukturaliste en selfs die Stilistiek op linguistiese grondslag, alhoewel dié benamings eers in ons nagraadse jare pertinent ter sprake gekom het. In die prosawêreld was dit ook veral die Anglo-Amerikaanse ghoeroes wat op daardie stadium 'n groot rol gespeel het.

Ná honneurs het, wat my eie studie betref, 'n MA oor Elisabeth Eybers se bundel *Onderdak* (1968), wat toe pas verskyn het, onder leiding van Grové, gevolg—ook, soos binne die tyd en invloed te verstane is, hoofsaaklik teksgerig, alhoewel intertekste plek-plek ook aandag gekry het. Kritiek is wel later uitgespreek omdat ek nie aan Eybers se biografiese gegewens aandag geskenk het om ander perspektiewe op die gedigte moontlik te maak nie—alhoewel dit natuurlik ook verenging kan meebring (kyk byvoorbeeld Stephen Matterson en Darryl Jones se gebalanseerde bespreking in die hoofstuk “Poem and author” van hul *Studying Poetry*). Onder meer omdat ek toe ook by taalkundeonderrig betrokke was, het my proefskrif op aanbeveling van prof. Christo van Rensburg raakpunte met sowel die taalkunde as die letterkunde gehad (iets waaroor ek nog nooit spyt was nie): “Taalkundige insigte en literêre tekste”. Dit was ook die tyd toe die Linguistiese kritiek/Stilistiek 'n nuwe impetus gekry het deur opwindende ontwikkelinge in die taalwetenskap. Sowel my MA as DLitt is geskryf in die tyd voor navorsingsvoorstelle en navorsings- en etiekkomitees en toe studieleiers baie meer aan senior studente self oorgelaat het—en ek dink dit het ons selfstandigheid geleer en nie swakker resultate tot gevolg gehad nie.

In my honneursjaar was ek een van die onderwysassistente in die departement, waarna ek as junior dosent aangestel is—'n posvlak wat toe net ingestel is en 'n klompie jare bestaan het. Toe ek 'n aanbod van Unisa gekry het om daar Taalkunde te doseer, kon daar—met veel minder rompslomp as later—'n pos geskep word en het my lewenslange loopbaan by die Universiteit van Pretoria begin met iets wat ek by 'n afstandsonderriginstansie baie sou mis: klasgee en gereelde kontak met studente binne en buite die klas. Destyds het dit nog buitemuurse studente op die Proesstraatkampus ingesluit en later ook studente op Witbank en Hammanskraal waar ons honneurs en 'n gedoseerde MA aangebied het, veral vir onderwysers wat hulle kwalifikasies wou verbeter. Ten spyte van departementele, fakulteits- en

universiteitspolitiek wat 'n mens se lewe nou en dan versuur het, was dit gelukkige en verrykende jare waarvoor ek kollegas en studente dankbaar is, veral wanneer oudstudente nog ná baie jare onthou van “Hebban olla vogala” of “Heer Halewijn”!

4

Soos die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde verander het, het jonger tekste, nuwe outeurs en digters en “rigtings” soos die Sestigters, modernisme en post-modernisme uiteraard in die leergange 'n (groter) plek gekry. Verder het die *theoretical turn*—wat dikwels op Saussure voortgebou en/of op hom gereageer het—mettertyd ook hier te lande in die literatuurstudie inslag begin vind. Ener syds het dit in taalskepsis tot uiting gekom, andersyds het dit 'n besondere rol aan taal en diskoers toegeken en is die verhouding tussen taal en “werklikheid” geproblematiseer (dink maar net wat iets soos die volgende uitspraak van Michel Foucault inhou: “The sciences are well-made languages” (in Butler-Bowden 104). Een van die implikasies van die teoretiese wending was die besef dat byvoorbeeld Van Wyk Louw se siening dat lesers tekste “onbevooroordeeld” behoort te lees krities bedink moes word: Ook 'n “teorielose” lees is hiervolgens immers reeds 'n teoretiese ingesteldheid of minstens die (onbewuste) gebruik van “dooie” teorie terwyl die aanspraak dat kennis waardevry moet wees, self 'n waardeoordeel is!

Die fokus het ook van die Anglo-Amerikaanse New Criticism-benadering—wat literêre interpretasie as enigste regverdiging vir “literêre teorie” beskou het—begin verskuif na die meer Europees-georiënteerde rigtings en verder is die vereiste al hoe meer gestel dat jy teoreties oop kaart moet speel. Soos David Carter (12, 13) die ontwikkeling en rasionaal in sy *Literary Theory* stel: “Nothing was sure or sacred anymore. It was becoming difficult to utter a word or comment on anything [...] without justifying yourself theoretically [...] the answer to the question ‘Why theory’ is quite simple: because it is better and more honest to be aware of the reasons why you do something than to be ignorant of them.” Hierdie veranderinge is onder meer weerspieël in die invoer van Algemene Literatuurwetenskap op voor- en nagraadse vlak en die deursyfering van teoretiese insigte in die onderrig van die verskillende genres: linguistiese kritiek, semiotiek, strukturalisme, post-strukturalisme (onder andere intertekstualiteit en dekonstruksie), Lacaniaanse psigoanalise, feminisme en genderteorieë, postkoloniale teorie, resepsieteorie en verskillende sisteemteorieë, terwyl begrippe soos ekologie, trauma en liminaliteit deesdae ook nie vreemd in die literatuurstudie is nie. Of 'n mens met al die onderliggende filosofieë en die uitgangspunte saamgestem het of nie, jy het bewus geraak van onder meer die werklikheidskeppende rol van taal en diskoers en die implikasies daarvan. Hierdie perspektiewe het ook opwindende nuwe navorsingsmoontlikhede geskep met referate en publikasies wat daaruit voortgevloei het.

Terselfdertyd is aannames wat vroeër kritiekloos aanvaar is, bevraagteken, byvoorbeeld dat daar 'n kanon van "tydlose" tekste en outeurs bestaan wat op suiwer literêre/estetiese gronde tot stand (ge)kom (het). Ook die rol van in- en uitsluiting deur "hekwagters" op grond van ideologiese oorwegings het 'n belangrike navorsingsterrein geword wat, wat Afrikaans betref, nog baie werk vra. Dieselfde geld vir die literêre historiografie, waar daar steeds nuwe teorieë en benaderingswyses ontwikkel.

Alhoewel daar op 'n stadium ook in die rigting van Vergelykende Literatuurstudie as interdisiplinêre en interdepartementele dissipline gepraat is, het dit ongelukkig by die Universiteit van Pretoria om bepaalde redes skipbreuk gely. Wat Siegfried J. Schmidt (7) skryf, was (en is nog in 'n mate) ook hier waar: "History has shown that academic disciplines in the humanities tend to be restrictive in all respects in order to preserve their identity in competition with other disciplines. New ideas concerning research methods, new subjects or interdisciplinary cooperations are regarded with suspicion and they are more often than not rejected." Daar was maar steeds enersyds dié van ons wat bereid was om nuwe terreine te verken, en andersyds dié wat akademies minder avontuurlustig was. Vandag kry die studie van letterkunde oor kulturele en taalgrense heen—wêreldletterkunde met vergelykende en vertalingstudie as kerndisiplines—heelwat aandag, soos blyk uit publikasies van onder meer David Damrosch en Theo D'haen by bekende internasionale uitgewers en uit boeiende webblaaie op hierdie gebied. Dit kan, met die nodige wil en dryfkrag, moontlik een van die broodnodige groeipunte in Geesteswetenskappesfakulteite vorm. Hopelik sal die omslagtige proses om 'n nuwe dissipline ingevoer te kry, nie pogings in hierdie verband voortydig laat misluk nie. Soos in die geval van rasionaliserings wat al deurgevoer is, speel bestuurs- en sakeoorwegings soms 'n groter rol as akademiese argumente en die idee van wat 'n universiteit veronderstel is om te wees, Daarmee saam gaan in sekere opsigte 'n klimaat van polisiëring wat op sy beurt akademiese vryheid kan ondermyn.

Met die voortdurende kurrikulering en herkurrikulering het kreatiewe skryfwerk met 'n navorsings- en praktiese komponent by verskillende universiteite op nagraadse vlak plek gekry, by die Universiteit van Pretoria met die Hertzogpryswenner Henning Pieterse aan die stuur.

Die sogenaamde *cultural turn* het op sy beurt plek-plek gelei tot die invoer van, en publikasies oor, visuele geletterdheid waar (ook) populêre kultuurprodukte soos advertensies en TV-dramas bestudeer is. Alhoewel hierdie ontwikkeling noodsaaklik en voordelig was, het dit soms ten koste van die studie van "tradisionele" dramas plaasgevind, 'n situasie wat mettertyd weer reggestel moes word. Die kulturele wending het later selfs gelei tot die instel van kultuur- en mediastudie op voor- en nagraadse vlak. 'n Tekort aan kundigheid binne hierdie dissipline het ongelukkig tot die afskaling en uiteindelijke afskaffing daarvan gelei. In die lig van wat Schmidt (6) in sy reeds genoemde artikel skryf, besef 'n mens dat jy die feit

dat ons en ons studente vandag in 'n mediawêreld leef waarvan literatuur 'n spesifieke onderdeel vorm, kwalik kan ignoreer en dat die besluit in 2008 om dié rigting uit te faseer miskien indringender bedink moes gewees het en dat daar op die een of ander manier daarvoor gekompenseer behoort te word:

In other words, the literary system is embedded in the media system of a society. Above all, new media tend to transform traditional concepts of author, recipient, meaning, distribution, information, creativity, fiction, etc. What this may mean in the literary system can only be understood and defined in difference to their meaning in other media systems. From these arguments I concluded that it might be plausible to establish the field of media culture studies as a sort of portmanteau in which literary studies could find an appropriate place as a special branch concentrating on literary phenomena in the different media systems.

Die afskaffing het ons as dosente en ook ons studente boonop die geleentheid ontnem om, as gevolg van die samestelling van die studentegroepe, minstens binne 'n akademiese konteks met ander kulture in Suid-Afrika en selfs Afrika in aanraking te kom.

Ook in die taalkunde het daar mettertyd bepaalde verskuiwings plaasgevind deurdat Algemene Taalwetenskap 'n opbloeie beleef het, terwyl die formele en historiese taalkunde op die agtergrond begin raak het ten gunste van die studie van *language in use* met klem op rigtings soos die sosiolinguistiek, taalpolitiek, taalbeplanning, pragmatiek (onder meer taalhandelingsteorie), (kritiese) diskoersanalise, taalvaardigheid, vertaling, kopieskryf en dokumentontwerp. Die wiel draai egter en die besef het posgevat dat 'n behoorlike basis in formele taalkunde op sigself, maar ook vir hierdie rigtings, onontbeerlik is. Veral op nagraadse vlak kan studente egter steeds in verskillende rigtings in die toegepaste taalstudie spesialiseer. Soos in die literatuurstudie het daar uiteraard ook in die taalkunde mettertyd nuwe gebiede soos die korpus- en rekenaarlinguistiek ontwikkel, terwyl die *cognitive turn* weerspieël word in die kognitiewe linguistiek (en ook onder meer die kognitiewe poëtik en narratologie wat hieruit put). Nederlands het, benewens die verskraalde studie van letterkunde in dié taal, ook nuwe vastrapplek gekry met kursusse soos Leer Nederlands wat op kommunikasievaardighede toegespits is en wat om verskillende redes deur 'n hele aantal studente gevolg word. Die Taaluniebeurse wat studente kan verwerf, dien uiteraard as 'n groot aansporing.

noemdes was daar onder andere prof. Réna Pretorius, 'n kenner op die gebied van die drama en die Afrikaanse poësie, Christo van Rensburg met sy innoverende idees oor onderrig maar ook oor die "ontstaan" van Afrikaans, prof. Vic Webb, hoog aangeskrewe navorser en skrywer oor taalpolitieke taalbeplanningskwesies, en proff. Elsa Nolte en Piet Roodt, albei prosakenners. Later het prof. Hein Willemse bygekom wat ons bewus gemaak het van die Afrikaperspektief en die belangrikheid van oratuur, en ook prof. Wille Burger wat, behalwe deur sy akademiese werk, ons vakgebied ook deur bydraes in die populêre media en deur radiopraatjies bekend stel. Algaande is die departement se geledere versterk deur jong(er) dosente wat, is ek oortuig, die departement tot nuwe hoogtes sal voer. Deur navorsing en publikasies, as redakteurs en redaksielede van tydskrifte, in die Letterkundekommissie (en vroeër selfs die gewraakte Publikasiebeheerraad), in die Taalkommissie, as dosente wat werklik die beste vir hulle kollegas en voor-en nagraadse studente wou hê, het die oueres almal hulle besondere stempel afgedruk, en steeds word hulle goeie werk voortgesit.

Maar geen departement kan na behore funksioneer sonder doeltreffende administratiewe ondersteuning nie. Veral twee persone kan hier genoem word vanweë hulle lang, getroue en vriendelike, knap diens: mev. Charlotte Vorster en Neeltje Celliers. Mev. Vorster het in die ou gebou van administrasie begin (sy het destyds sommer die hele kampus se eksamenvraestelle getik, en dit boonop op wasvelle!) en daarna by die departement aangesluit met haar kantoor in die Ou Letteregebou (later Lettere 1), die mooi ou sandsteengebou, 'n baken op die kampus. Later is sy saam met die departement sak en pak na wat nou die Geesteswetenskapsgebou is (of, volgens die studente, om verskillende redes die "spookhuis"). Neeltje Celliers weer was aanvanklik vir Louis Eksteen met sy navorsing behulpzaam, waarna sy departementele sekretaresse (later administrateur) geword het. Sy het, in die meer as twintig jaar wat sy by die departement was, benewens gewone departementele verpligtinge, 'n onontbeerlike rol gespeel in die reëling van ons prysuitdelingsfunksies, lenteseminare en afskeids- en verwelkomingsgeleenthede. Daarnaas was daar ook die personeel van sentrale administrasie in die gebou op die hoek van die Hatfieldkampus, deur studente op grond van sy vorm en "rigting" gepas "die skip na Magnoliadal" gedoop en, tydens prof. Eddie Hamman se rektorskap, "Hammankraal". En so van geboue gepraat: Waar daar nou sprake is van 'n nuwe gebou vir die Geesteswetenskappe kan mens maar net vertrou dat die lesinglokale nie net "teaters" sal wees waar net "toesprake" gehou kan word nie, maar dat al die kennis wat navorsing oor onderrig en leer aan die lig gebring het, in aanmerking geneem sal word! Dit is immers lankal algemene kennis dat lesings voor groot groepe oor die algemeen die mins effektiewe kontaksituasie skep as dit oor *sinvolle* onderrigleer gaan en nie oor papegaaiëer nie.

6

In die “goeie ou dae” toe ek 'n voorgraadse student was—en nog lank daarna—was daar eerstejaarsgroepe van 1 200 of meer, wat dan min of meer gehalveer het na die tweede jaar en weer na die derde jaar. Die groot getalle was deels toe te skryf aan die feit dat onderwys-, teologie- en regstudente verplig was om minstens een jaar lank Afrikaans te neem—'n sinvolle reëling as 'n mens die belangrike rol van taal in hierdie studierigtings en beroepe in ag neem. Om verskillende redes het dit met verloop van tyd verander, onder meer omdat die “nuttigheid” van vakrigtings 'n al groter rol begin speel het, die natuurwetenskappe en tegnologie sterk gepropageer is, en die Opvoedkundefakulteit hulle eie Afrikaanskursusse begin aanbied het. 'n Jaar of drie gelede is hierdie besluit egter omgekeer en neem onderwysstudente weer “akademiese” Afrikaans, wat 'n positiewe uitwerking op getalle het en die voedingsbron van potensieële nagraadse studente vergroot. Terselfdertyd lyk dit of meer regstudente ook weer tot minstens tweejaarsvlak vorder. Daar was egter deur die jare altyd ook 'n kerngroep wat Afrikaans bestudeer omdat hulle in die taal—en tale in die algemeen— belangstel.

Waar daar jare gelede ook groot groepe honneursstudente was—onder andere as gevolg van die groter salarisse wat hoër kwalifikasies in die onderwys meegebring het—het die getalle die afgelope tyd drasties gekrimp, veral wat die nietoegepaste dissiplines betref. Ook hier het die skynbaar onontkombare oormag en prestige van Engels en die pragmatiese dikwels die oorhand gekry (“Wat kan ek daarmee doen?”). Ook die M- en D-studente het min geword, en dit is juis hulle wat die volgende geslag akademici—dosente en navorsers—moet word. Gelukkig begin mense in besluitnemingsposisies egter die belangrikheid van dit waaroor dit in die Geesteswetenskappe in die algemeen en tale in die besonder gaan—van die kernsake wat mense mense maak—stadigaan weer begryp.

7

Deur die jare het verskillende uitgewers die noodsaaklikheid besef om benewens kreatiewe literêre werk ook akademiese tekste en handboeke in Afrikaans te publiseer. Hier kan onder meer Tafelberg, Human en Rousseau, Van Schaik, Academica, JutaLit, HAUM-Literêr, Perskor en Protea genoem word. 'n Belangrike bydrae in hierdie verband was die Monografie- en Blokboekreeks oor outeurs en tekste, reekse wat ongelukkig doodgeloop het, maar steeds 'n onontbeerlike hulpmiddel vir dosente en studente is. *Perspektief en profiel*, aanvanklik in een band uitgegee en meermale in dié formaat hersien en uitgebrei, bestaan tans uit drie volumes met 'n nuwe uitgawe wat binnekort behoort te verskyn. Naas ander literatuurgeskiedenis soos dié van Gerard Dekker en J.C. Kannemeyer karteer dit 'n groot deel van die Afrikaanse literêre landskap. 'n Klein, maar baie nuttige naslaanwerk oor die Afrikaanse (en Nederlandse) letterkunde en literêr-teoretiese

begrippe is Grové se *Letterkundige sakwoordeboek* wat hopelik weer binnekort bygewerk sal word. Sy *Woord en wonder* was ook jare lank dié handboek by die lees van poësie en bied steeds 'n nuttige kennismaking met hierdie terrein, al is dit teoreties in bepaalde opsigte agterhaal. Hierbenewens het daar deur die jare 'n hele aantal huldigingsbundels vir en bundels oor skrywers en letterkundiges verskyn (dié kategorieë oorvleuel meermale), onder meer huldigingsbundels vir Ernst van Heerden en Elize Botha en bundels oor Eybers, André P. Brink, Karel Schoeman, Van Wyk Louw, Opperman en Leroux. En dan is daar die belangrike biografieë van J.C. Steyn oor Louw en van Kannemeyer oor onder andere Krige, Opperman, Rabie en Leroux, terwyl die Louw-broers se korrespondensie wat onder Kannemeyer se hoofredakteurskap uitgegee is, hoewel nie sonder gebreke nie, 'n nuttige bron vir byvoorbeeld literêr-historiografiese werk is.

Wat die Nederlandse letterkunde betref, het Van Schaik van vroeg af vir bloemlesings en uitgawes van tekste gesorg. Soos nuwe behoeftes ontstaan het, was daar ook verskeie nuwe inisiatiewe, byvoorbeeld die publikasie van *Van Middelzee tot Goue Eeu*, 'n hand- en werkboek oor die ouer Nederlandse letterkunde, deur my en Fanie Strydom saamgestel, wat redelik wyd gebruik is. Daar was ook uitgawes van enkele Middelnederlandse tekste soos *Elckerlijc* en *Esmoreit/Lippijn* in die reeks "Middelnederlandse tekste vir Suid-Afrika", elkeen voorsien van 'n inleiding, annotasies en 'n beknopte Middelnederlandse grammatika, en die Suid-Afrikaanse Vondelreeks waarin tekste soos *Lucifer en Jephtha* verskyn het. *Uit die Nederlandse verhaalkuns* was 'n Strydom-Ohlhoff-bywerking, met 'n verhaalteoretiese inleiding, van 'n Schoonees-publikasie, wat egter as gevolg van die destydse kulturele boikot min jonger skrywers se werk kon opneem (later het onder meer H.P. van Coller se kortverhaalbloemlesings hiervoor vergoed). Literatuur/Prosa uit die Lae Lande (tekste met inleidings, annotasies en 'n basiese Nederlandse grammatika) en bloemlesings in die reeks "Uit die skat van die Nederlandse liriek" het verder die Nederlandse letterkunde vir Afrikaanse studente toegankliker help maak. By HAUM-Literêr het ook *Momente in die Nederlandse letterkunde* verskyn wat 'n historiese oorsig oor dié letterkunde gegee het, maar wat ook deur die boikot gekortwiek is. Dit is nooit hersien nie, maar tans word daar, onder leiding van Van Coller en in samewerking met Nederlandse kenners, gewerk aan 'n "perspektief en profiel" oor die Nederlandse letterkunde vir Suid-Afrikaanse studente waarby ook 'n groot aantal Suid-Afrikaanse dosente, onder andere van UP, betrokke is. Negatiewe faktore wat Nederlands betref, is die (drastiese) afskaling daarvan veral op voorgraadse vlak by die meeste universiteite, finansiële druk op uitgewers en die verpulping van kosbare uitgawes.

18 Met die belangrike plek wat die Algemene Literatuurwetenskap mettertyd begin inneem het, is dit verstaanbaar dat daar ook op hierdie terrein Afrikaanse publikasies die lig gesien het. So was daar byvoorbeeld *Gids by die literatuurstudie* onder redaksie van T.T. Cloete E. Botha en C. Malan en die groots opgesette *Literêre*

terme en teorieë, met Cloete as redakteur en 'n groot groep medewerkers van verskillende Suid-Afrikaanse universiteite. Dit is ongelukkig nooit hersien nie, en blykbaar word 'n hersiene (of soortgelyke) uitgawe ook nie beplan nie. Kyk 'n mens hoe daar steeds in onder andere die Engels-, Duits- en Nederlandssprekende wêreld nuwe werke verskyn (soms weliswaar met 'n wyer perspektief wat byvoorbeeld eksplisiet kultuurteorie insluit), bestaan daar bepaald leemtes in Afrikaans.

Vakkundige tydskrifte was deur die jare 'n onontbeerlike publikasie-medium. *Standpunte*, draer van die kulturele en literêre ideale van Van Wyk en W.E.G. Louw en ander het mettertyd doodgeloop, maar nuwes het ontstaan, oes is nuwe lewe ingeblaas en die nuwe media word ingespan. Onder hoofredakteurskap van Hein Willemsse het *Tydskrif vir Letterkunde* byvoorbeeld 'n sterker Afrika- (en internasionale) kleur gekry, terwyl *Literator* sedert 2012 elektronies en met oop toegang versprei word en *LitNet*, 'n geakkrediteerde e-tydskrif, tot stand gekom het. En dan is daar ook onder meer *Stilet*, gekoppel aan die Afrikaanse Letterkundevereniging, *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, tweetalige tydskrif van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap, en *The Southern African Journal of Medieval and Renaissance Studies*, uitgegee deur die Southern African Society for Medieval and Renaissance Studies.

In die Taalkunde was daar ook verskillende publikasie-inisiatiewe. Naas huldigingsbundels soos dié vir proff. Gawie Nienaber en Louis Eksteen, het daar vroeër jare 'n nuttige reeks oor verskillende aspekte van die (Afrikaanse) taalkunde soos taalgeskiedenis, fonetiek, semantiek en variasietaalkunde verskyn. Daar was ook handboeke waartoe verskillende outeurs bygedra het en die hele taalkundeterrein gedek het en standaardwerke soos dié van Fritz Ponelis oor die sintaksis. Ná 'n taamlieke lang droogte was dit verblydend dat prof. Heinrich Grebe se artikels oor die ontstaan van Afrikaans postuum in die Talatalareeks onder die titel *Op die keper beskou* kon verskyn asook Achmat Davids se *The Afrikaans of the Cape Muslims*, geredigeer deur Hein Willemsse en Suleman E. Dangor. En dan gaan 'n nuwe handboek, *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*, in 2014 die lig sien.

8

Universiteite oor die algemeen het deur die jare 'n hoë premie geplaas op navorsing en die publikasie van die resultate in veral geakkrediteerde tydskrifte (soos dié hier bo genoem) en boeke gerig op die vakspesialis. Daarom het portuurevaluering van sulke werk mettertyd ook 'n al groter rol begin speel. In UP se departement Afrikaans was en is daar elke jaar 'n goeie oes publikasies deur doserende personeel (ook emeriti), navorsingsgenote en soms senior en nagraadse studente. En dit oor 'n ryk verskeidenheid onderwerpe in taal- en letterkunde in die wydste sin van die woord (dus nie net "hoë" literatuur nie, maar ook byvoorbeeld Namibiese en

ander Suid-Afrikaanse oratuur en 17de-eeuse Nederlandse reistekste binne die konteks van kulturele rekonstruksie en postkoloniale teorie). Tradisioneel was en is dit gewoonlik die resultaat van individuele navorsing, byvoorbeeld in my eie geval oor die genoemde reistekste, ouer Nederlandse literatuur en die Afrikaanse poëtiesisteme. Daar is egter ook al spannavorsing oor kanoniseringsprosesse in Afrikaans gedoen waaruit artikels voortgevloei het. Onlangs is daar 'n internasionale projek onder die banier "Southern Modernities" van stapel gestuur, vanuit die departement Afrikaans geïnisieer deur Willie Burger en Andries Visagie, en ondersteun deur die Fakulteit Geesteswetenskappe. Betrokkenheid by groter (taalkunde-) projekte wat onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Akademie beplan word, word in die vooruitsig gestel.

Die akademiese gemeenskap in die algemeen en UP in die besonder is bevoorreg om oor die Gawie Nienaber-versameling te beskik. Ná sy dood het Nienaber, in lewe ereprofessor in UP se departement Afrikaans, se weduwee 'n groot versameling boeke, tydskrifte, koerante (sommige dateer uit die 19de eeu), knipsels en gedenkwaardighede soos foto's vir veilige bewaring geskenk. Die gedrukte bronne bevat 'n skat van inligting vir taalkundige, literêre en kultuurhistoriese navorsing van verskillende aard. Dit is in die huidige vorm egter ontoeganklik en moet gedigitaliseer en ontsluit word—iets waarvoor 'n aansienlike bedrag geld benodig word. Dit is trouens 'n groot leemte dat die totale korpus Afrikaanse literêre tekste van die begin tot nou nie in elektroniese vorm vir navorsing beskikbaar is nie. Net so gaan ons mank aan gedetailleerde, gerekenariseerde konkordansies van literêre tekste in al die genres, iets wat byvoorbeeld in die Anglo-Amerikaanse wêreld volop is. Taalkundiges het hier 'n voorsprong met sekere korpuse wat wel elektronies beskikbaar is en ander wat ontwikkel word. As ons deel van die "digital humanities"-wêreld wil word (het ons werklik 'n keuse?), is dié soort navorsingsbronne onontbeerlik. In *A Companion to Digital Humanities* (Schreibman e.a. 3) word oor die opwindende moontlikhede van dié werkwyse onder andere die volgende gesê:

digital humanities is addressing many of the most basic research paradigms and methods in the disciplines, to focus our attention on important questions to be asked and answered, in addition to important new ways of asking and answering that are enabled by our interaction with the computer [...] Ultimately, in computer-assisted analysis of large amounts of material that has been encoded and processed according to a rigorous, well thought-out system of knowledge representation, one is afforded opportunities for perceiving and analyzing patterns, conjunctions, connections, and absences that a human being, unaided by the computer, would not be likely to find [...] Coupled with enormous storage capacity and computational power, this heuristic presents us with patterns and connections in the human record that we would never otherwise have found or examined.

Om navorsing te stimuleer word nie net navorsingsverlof en -dae toegeken nie, maar word daar ook jare al, maar tans heelwat gereelder, departementele seminare gehou waar departementslede, maar ook navorsers van buite (nasionaal en soms internasionaal) oor hulle lopende of afgehandelde navorsing verslag doen. Dit dien nie alleen as intellektuele prikkel nie, maar gee ook die geleentheid om byvoorbeeld kongresreferate te slyp op grond van vrae en opmerkings uit die gehoor of om 'n artikel reeds voor voorlegging aan 'n tydskrif aan informele maar streng portuurevaluering te onderwerp. Van tyd tot tyd reël die departement(slede) ook kongresse oor byvoorbeeld taalpolitieke aangeleenthede, oor literêre kwessies of om saam te val met 'n boekbekendstelling *On the Contrary* soos dié onlangs in 2013 oor André P. Brink. Telkens word sover moontlik sprekers van oraloor betrek.

Naas die departementele seminare word daar ook die afgelope paar jaar nagraadse dae gehou waar die honneursstudente 'n voorlegging doen oor hulle navorsingsessays, gedoen oor 'n onderwerp gekies uit een van die dissiplines en subdissiplines wat in die bepaalde jaar in die departement aangebied word. Hulle uiteensetting van die rasionaal, die formulering van navorsingsvrae, metodologie, ens. word krities geëvalueer en aanbevelings word deur medestudente en personelede gemaak. Soms word daar ook vir M- en D-studente sulke gespreksgeleenthede geskep. Die ruimte wat tans by vakkongresse spesifiek vir nagraadse studente geskep word, bied verdere blootstellings- en opskerpingsgeleenthede.

Vroeër jare is daar ook gereeld fakulteitslesingreekse gereël wat tot verskeie boekpublikasies gelei het, byvoorbeeld *Die verband tussen die kunste* (G. Cronje [red.], 1968) en *'n Blik op die Middeleeue* (C.H.F. Ohlhoff en Marian Brink, 1989). Stadig maar seker is soortgelyke reekse aan die herleef.

In sowel personeel as studente se navorsing speel die Akademiese Inligtingsdiens uiteraard 'n onontbeerlike rol, en by tale was ons deur die jare bevoorreg om knap en uiters hulpvaardige inligtingkundiges te hê wat werklik moeite doen om, indien enigsins moontlik, aan versoeke te voldoen. Wat boek- en mediabegrotings betref, is die bydraes van die kant van die Nederlandse Taalunie 'n welkome toevoeging om die studie van Nederlands in al sy geledinge te ondersteun.

9

Daar het, soos hier bo al geblyk het, mettertyd 'n groeiende getal vakverenigings vir letterkundiges en taalkundiges tot stand gekom. Lede (en nielede) vergader gereeld by kongresse wat, gewoonlik op uitnodiging, op verskillende universiteitskampusse, by konferensiesentrums of, in die geval van internasionale verenigings, normaalweg in die buiteland plaasvind en deur binne- en buitelandse akademici bygewoon word. So is daar die Afrikaanse Letterkundevereniging, die Literatorvereniging, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Nederlandistiek, die Suid-

Afrikaanse Vereniging vir Taalonderrig, Suid-Afrikaanse Vereniging vir Toegepaste Linguistiek en die Linguistiekvereniging vir Suid-Afrika en die Southern African Society for Medieval and Renaissance Studies. Internasionale verenigings is onder meer die International Comparative Literature Association, The International Society for the Oral Literature of Africa en die Internasionale Vereniging voor Neerlandistiek. Suid-Afrikaners lewer gereeld referate by hierdie kongresse en dien ook meermale in die besture. Van die kongresse is ook al in Suid-Afrika gehou.

By kongresse en deur besoeke aan buitelandse vakkundiges en hulle besoeke aan Suid-Afrika asook die aanstelling van navorsingsgenote kon die ideaal van internasionalisering gestalte begin kry. Ná die kultuurboikot (waaraan iemand soos W.F. Hermans hom bra min gesteur het), het die skakeling sterk gegroei, nie net met die Lae Lande nie, maar ook met die Amerikas en Afrika. Hier het byvoorbeeld skrywersbesoeke uit die Nederlande, somer- en winterskole en inisiatiewe soos die Neerlandistiek-werkswinkels wat gereeld deur Siegfried Huigen gereël is 'n belangrike rol gespeel, terwyl uitruilooreenkomste hopelik al hoe meer geleentheid vir personeel en studente sal bied—mits daar natuurlik voldoende finansiële ondersteuning is.

10

Akademiese personeel het die voorreg om op verskillende terreine diens te lewer waar van hulle vakkennis gebruik gemaak word. Benewens die normale taal- en letterkundenavrae (selfs vir die invul van blokkiesraaisels!) is daar die Letterkunde-kommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie wat jaarliks aanbevelings maak vir die toekenning van die Hertzogprys en 'n hele aantal ander letterkundige en vakkundige pryse. Die besprekings by die vergaderings is telkens nie net stimulerend nie, maar ook leersaam met wye leeswerk wat daaraan voorafgaan en verskillende literêr-teoretiese en -kritiese standpunte wat na vore kom. Op sy beurt is die Taalkommissie verantwoordelik vir die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* wat telkens hersien en bygewerk word en wat binne die afsienbare toekoms hopelik ook in elektroniese formaat beskikbaar sal wees.

Hierbenewens dien akademici in redaksies van vaktydskrifte, keur hulle artikels en Nasionale Navorsingstigting-aansoeke en speel hulle dikwels ook 'n rol in eksamineringsliggame op sekondêre skoolvlak, vroeër in die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, deesdae by Umalusi, en ook as moderatore van vraestelle.

Veral letterkundedosente word gereeld genooi om leeskringe te besoek en oor 'n bepaalde outeur of literêre teks 'n aanbieding te doen. Gewoonlik volg daar dan 'n lewendige en stimulerende bespreking wat vir ons almal heelwat beteken.

Omdat gehalte- en innoverende taal- en letterkundeonderrig op skool vir ons 'n saak van erns is, reël die departement Afrikaans baie lank al jaarliks 'n Lente-

seminaar vir onderwysers as 'n gemeenskapsdiensinisiatief. Dit het klein begin, maar algaande gegroei totdat daar tans tussen 150 en 200 onderwysers uit hoofsaaklik die universiteit se voedingsprovinsies die dae bywoon. Die program word saamgestel in oorleg met en met gebruikmaking van ervare onderwysers en eksaminatore en met inagneming van die jongste ontwikkelinge in vakinhoud en onderrigleerteorie en -praktyk. Kundiges uit die departement Afrikaans en die Fakulteit Opvoedkunde, onderwysers en ander kenners lewer voordragte of bied werksessies aan, met voldoende besprekings- en gesprekstyd. Enkele onderwerpe wat al ter sprake gekom het (telkens toegespits op skoolsituasies), is assessering en eksaminering, die literêre opstel, die multikulturele klaskamer, kritiese taalbewustheid, filmstudie, poësie op inspirerende manier, hoe gemaak met ouer tekste, die gebruik van media en blogs in onderrig, kreatiewe skryfkuns, dramaonderrig, stelwerk, tegnologie in die klaskamer en die rekenaarlaboratorium. As addisionele trekpleister tree bekende akteurs, joernaliste en sangers ook op: Leon van Nierop, Chris Vorster, Coenie de Villiers, Chris Cameleon, Nataniël en Sandra Prinsloo was byvoorbeeld al betrokke.

11

Meer as veertig jaar... Aan die een kant klink dit lank, aan die ander kant het die ure, dae, maande, jare verbygevlieg omdat 'n mens die voorreg gehad het om besig te wees met dinge wat jou na aan die hart lê—die (Afrikaanse) taal en letterkunde—en om deel te wees van die onderrig en opvoeding van duisende studente. Mag Tukkies se leuse—*Ad destinatum persequor*—steeds ons strewre bly!

Geraadpleegde bronnelys

- Butler-Bowdon, T. *50 Philosophy Classics*. Londen: Nicholas Brealy, 2013.
- Carter, David. *Literary Theory*. Harpenden: Pocket Essentials, 2006.
- Matterson, Stephen en Darryl Jones. *Studying Poetry*. Londen: Arnold, 2000.
- Schmidt, Siegfried J. "Literary Studies from Hermeneutics to Media Culture Studies." *CLCWeb* 12.1 (2010): 2–10. <<http://docs.lib.purdue.edu/clcweb/vol12/iss1/1/>>.
- Schreibman, Susan, Ray Siemens, John Unsworth. *A Companion to Digital Humanities*. Oxford: Blackwell, 2004.